Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2020

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*IAFRFA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel eers deurlees nie.

2. Gebruik die INHOUDSOPGAWE om jou met jou keuses te help.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Gedigte | (70) Beantwoord vrae oor al VIER gedigte. |
| AFDELING B: | Kortverhale | (70) Beantwoord vrae oor al VIER kortverhale. |
| AFDELING C: | Roman | (70) |
| AFDELING D: | Drama | (70) |

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die EEN letterkundeteks wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Beantwoord AL DIE VRAE uit die afdeling wat julle behandel het.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.



| **AFDELING A: GEDIGTE** | | **Beantwoord al VIER vrae oor die gedigte.** | **PUNTE** | **BLADSY NR.** |
|---|---|---|---|---|
| VRAAG 1 | Sonvanger | Kontekstuele vraag | 18 | 4 |
| | | **EN** | | |
| VRAAG 2 | sprak of sprook | Kontekstuele vraag | 17 | 6 |
| | | **EN** | | |
| VRAAG 3 | Demokrasie (Pity) Limited | Kontekstuele vraag | 17 | 8 |
| | | **EN** | | |
| VRAAG 4 | Brief insake downsindroom | Kontekstuele vraag | 18 | 10 |
| | | **OF** | | |
| **AFDELING B: KORTVERHALE** | | **Beantwoord al VIER vrae oor die kortverhale.** | | |
| VRAAG 5 | Belinda en die blou ster | Kontekstuele vraag | 18 | 12 |
| | | **EN** | | |
| VRAAG 6 | Koning van die townships | Kontekstuele vraag | 17 | 14 |
| | | **EN** | | |
| VRAAG 7 | ’n Bed vir Johnny | Kontekstuele vraag | 18 | 16 |
| | | **EN** | | |
| VRAAG 8 | Die paradysbossie | Kontekstuele vraag | 17 | 18 |
| | | **OF** | | |
| **AFDELING C: ROMAN** | | **Beantwoord ALBEI vrae oor die roman.** | | |
| VRAAG 9 en VRAAG 10 | *Die Kruppel Engel* | Kontekstuele vrae | 70 | 20 |
| | | **OF** | | |
| **AFDELING D: DRAMA** | | **Beantwoord ALBEI vrae oor die drama.** | | |
| VRAAG 11 en VRAAG 12 | *Die laaste karretjiegraf* | Kontekstuele vrae | 70 | 28 |



## KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.
**LET WEL:** Maak seker dat jy AL die vrae oor die afdeling wat jy gekies het, beantwoord het.

| **AFDELING** | | **VRAAGNOMMERS** | **VRAE BEANTWOORD** | **MERK (√)** |
|---|---|---|---|---|
| A | Gedigte | 1 tot 4 | 4 | |
| | | **OF** | | |
| B | Kortverhale | 5 tot 8 | 4 | |
| | | **OF** | | |
| C | Roman | 9 en 10 | 2 | |
| | | **OF** | | |
| D | Drama | 11 en 12 | 2 | |

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Beantwoord ALLE vrae oor die volgende gedigte.

**"SONVANGER" – Valiant Swart**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**SONVANGER – Valiant Swart**

kyk of jy vir my die son kan vang
daar's 'n kamer in die huis waar ons die son kan hang
dis donker by die venster in die middel van die dag
onthou jy hoe helder die kamer kon lag

kyk of jy vir my die son kan bring
daar's 'n liedjie in die gange wat die son kan sing
dis stil in die hoeke hierdie koue seisoen
kan jy sien wat die wind en die reën aan my doen

*sonvanger*
*ek vra jou mooi*
*laat hom weer vir my kom skyn*
*sonvanger*
*laat my verstaan*
*hoe 'n somer*
*sommerso in die niet kan verdwyn*
*en laat hom skyn*

kyk of jy vir my die son kan kry
daar's 'n huisie in my hart waar die son kan bly
kyk of jy vir my die son kan steel
daar's 'n plekkie in die tuin waar die son kan speel

*sonvanger*
*ek vra jou mooi*
*laat hom weer vir my kom skyn*
*sonvanger*
*laat my verstaan*
*hoe 'n somer*
*sommerso in die niet kan verdwyn*
*en laat hom skyn*

bring 'n bietjie lig
vir die draaie op my pad
en 'n handjie vol strale
vir die donker in my hart

*sonvanger ...*

1.1 1.1.1 Haal 'n woord uit strofe 1 aan wat help om die stemming in hierdie gedig uit te druk. (1)

1.1.2 Waarom verkeer die ma in hierdie toestand? (1)

1.2 Noem DRIE plekke in die gedig waar die son moet skyn en lig maak. (3)

1.3 Haal TWEE personifikasies uit die gedig aan wat die karaktereienskappe van die seun beskryf. (2)

1.4 "vir die draaie op my pad" (reël 30)

Wat kan die draaie op die ma se pad wees? (1)

1.5 Vir wie simboliseer die son in hierdie gedig? (1)

1.6 1.6.1 Wat sou die son volgens strofe 6 vir die ma kon doen? Skryf dit in jou EIE WOORDE. (1)

1.6.2 Dink jy die son sou dit wat die ma verwag het, kon doen? Motiveer jou antwoord. (1)

1.7 Watter woord in die refrein dui daarop dat die seun se dood onverwags was? (1)

1.8 Waarom word reël 1 soveel keer herhaal? (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.9) neer.

Die woord "steel" (reël 19) dui op ...

A hoe moeilik dit is om die son te vang.
B die vrou se desperaatheid vir vertroosting.
C die karakter van die seun.
D hoe gevaarlik dit is om die son te vang. (1)

1.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (1.10.1–1.10.3) en die antwoord neer.

| toestand van; vir ewig; vir 'n kort rukkie; woede in; onthou; verwerk |
|---|

Die gebroke rym in strofe 6 dui op die (1.10.1) ... die ma se hart. Die mooi herinneringe aan die seun sal die ma help om die seun se dood te (1.10.2) ... Die ma wil hê dat die herinneringe (1.10.3) ... moet duur. (3)

1.11 Watter tegniek word in strofe 7 gebruik om die ma se versoek aan die sonvanger te beklemtoon? (1)

**[18]**

**EN**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### "SPRAK OF SPROOK" – Izak de Vries

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**SPRAK OF SPROOK – Izak de Vries**
*@DJ_Opperman*

my meisie's into MXit
my pel speel Skype

ek vriend 100e op Facebook
en tweet my twak op Twitter

daar is miljoene ... miljoene op GMail
mono logies vir elke pyn

2.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die subtitel is 'n voorbeeld van (inversie/intertekstualiteit). (1)

2.2 Waarom gebruik die digter woorde soos "into", "pel" en "ek vriend" in hierdie gedig? (1)

2.3 Noem ten minste TWEE voorbeelde van sosiale media in hierdie gedig. (2)

2.4 "my meisie's into MXit" (reël 1)

Watter inligting gee die woord "into" omtrent die spreker se meisie? (1)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Volgens die spreker het hy honderde vriende op Facebook en miljoene op GMail, maar die wrede waarheid hier is dat die mens (se alleenwees beklemtoon word/vasgevang is in sosiale media). (1)

2.6 Wat sê die woord "twak" (reël 4) van die spreker se tweets? (1)

2.7 2.7.1 Hoe pas "mono logies" (reël 6) by die manier van kommunikasie wanneer sosiale media gebruik word? (1)

2.7.2 Hoe dink jy kan hierdie kommunikasieprobleem opgelos word? (1)

2.8 Wat kan 'n mens maklik wegsteek wanneer jy op sosiale media kommunikeer? (1)

2.9 Hoe sluit die titel van die gedig, die idioom (iemand sprak geen sprook) en die inhoud van die gedig by mekaar aan? (3)

2.10 Kies die term uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.10.1–2.10.4) neer, byvoorbeeld 2.10.1 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.10.1 | Beklemtoon ’n groot hoeveelheid | A | alliterasie |
| 2.10.2 | “tweet my twak op Twitter” (reël 4) | B | koeplette |
| 2.10.3 | Tipografie van die gedig | C | ellips |
| 2.10.4 | Skep ’n vaste ritme in die gedig | D | elisie |
| | | E | kwatryne |

(4 x 1) (4)
**[17]**

**EN**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### "DEMOKRASIE (Pity) Limited" – Peter Snyders

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DEMOKRASIE – Peter Snyders**

Wies aware wat om jou aangaan
tjek yt die plek
waar djy jou kô kry.
Watch yt vir mense wat
Inligting vra,
jou iets wil verkoep –
laat hulle hulle distance hou.

Wies op jou guard
in supermarkte
en as djy ge-hijack of ge-rob word
bly kalm en oplettend –
moenie trug fight nie
djy sal net seerkry.

Moenie jou gun in jou cubby hole
of handsak bêre nie.
Sorg dat jou kardeure toe
is – ennie vensters oek.

Moenie pakkies of selfouns
innie mouter los nie.
Tjek jou driveway
as djy hys toe kom
en as djy jou garage oepslyt
kyk
of daar nie iemand in wegstiek nie.

Moenie op verlate, donker paaie ry nie
gebryk sover as moontlik highways
en wies versigtag
by robots en stopstrate.

En, as jou mouter ge-hijack word
en djy doen 'n paar gun-skote op,
moenie die polisie betrek nie
want
daar's nie genoeg van hulle nie
hulle's overworked
en underpaid
en

al trek hulle die skelms en criminals vas,
die nuwe demokrasie is soe lief vir hulle
djy staan 'n kans
om 'n saak tiën jou
gemaak te kry.

3.1 In watter dialek is hierdie gedig geskryf? (1)

3.2 Kyk na die titel.

Verduidelik waarom die digter "Pity" in plaas van "Pty" gebruik. (1)

3.3 Watter negatiewe impak kan die waarskuwings in hierdie gedig op die straatverkopers se besighede hê? (1)

3.4 Wie is moontlik die instansie of persone hier wat die waarskuwings en advies aan die inwoners gee? (1)

3.5 Watter nalatighede aan die kant van die inwoners word deur die spreker geïdentifiseer? Gee DRIE feite. (3)

3.6 Waarvoor moet jy uitkyk wanneer jy by jou huis aankom? Stel dit in jou eie woorde. Gee TWEE feite. (2)

3.7 Gee die spreker in hierdie gedig jou die reg om die padreëls te oortree? Motiveer jou antwoord. (1)

3.8 Watter skrikwekkende dinge kan volgens hierdie gedig met jou gebeur wanneer jy gekaap word? Gee TWEE feite. (2)

3.9 " die nuwe demokrasie is so lief vir hulle" (reël 38)

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.

Die spreker bedoel hiermee dat ...

A ons polisiedienste baie swak is.
B ons land meer wette nodig het.
C die kriminele meer regte as die inwoners het.
D die sake teen die kriminele swak is. (1)

3.10 Stem jy saam dat die opinie wat die spreker in die laaste strofe gee, altyd waar is in Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord. (1)

3.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (3.11.1–3.11.3) en die antwoord neer.

| enjambement; alleenplasing; polisindeton; kontras; retoriese vraag |
|---|

Die digter gebruik (3.11.1) ... om die gedig te bind. Die woord "kyk" (reël 23) word deur middel van (3.11.2) ... beklemtoon. Die woorde "overworked" (reël 34) en "underpaid" (reël 35) vorm 'n (3.11.3) ... (3)

**[17]**

**EN**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### "BRIEF INSAKE DOWNSINDROOM" – Sarina Donges

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BRIEF INSAKE DOWNSINDROOM – Sarina Donges**

Meneer God

by my het 'n fabrieksfout
ingesluip. ek kan nie begryp
in hierdie tyd waar pos-
stukke en aflewerings
so onseker is, vertrou U
'n ooievaar as klerk
om kosbaarhede te versend:
wat voer hy in die vlerk?

ek stuur die frats, summier,
want hy ontsier my huis.
besoekers staar, begaan verward
die freudiaanse glips
en ek verduur gelukwensings
op papier, terwyl hul oë sê:
dankie dat by reproduksie
by keisersnit of induksie
myne 'n volmaakte replika
van die oorspronklike is
en nie dié karikatuur.

dis menslik om te fouteer
maar ek het nie verwag
dat dit by 'n instansie
wat so opgehemel word, gebeur.

4.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

4.1.1 Die emosie wat die spreker in hierdie gedig ervaar, kan as (bitterheid/ eensaamheid) beskryf word. (1)

4.1.2 Waarom blameer sy God vir haar emosionele toestand? (1)

4.2 Waarom word "Meneer God"(reël 1) in hoofletters geskryf? Gee TWEE feite. (2)

4.3 Die gedig verwys satiries na die posdienste in ons land. Hoe word dit beskryf? Stel dit in jou eie woorde. (1)

Kopiereg voorbehou

4.4 Watter verwagting het hierdie ma gehad toe sy nog swanger was? (1)

4.5 4.5.1 Hoe het die geboorte van haar Downsindroomkind die spreker se verhouding met haar vriende beïnvloed? (1)

4.5.2 Watter TWEE OPEENVOLGENDE woorde in strofe 2 bewys dat sy genoeg rede gehad het om só oor haar vriende te voel? (1)

4.6 4.6.1 Waarom wou sy volgens strofe 2 die kind onmiddellik na God terugstuur? (1)

4.6.2 Watter woord in strofe 2 dui daarop dat sy nie lank gaan wag om die kind terug te stuur nie? (1)

4.7 4.7.1 Watter TWEE OPEENVOLGENDE woorde dui daarop dat die spreker se besoekers dit moeilik gevind het om hul gelukwensings persoonlik/mondelings aan haar oor te dra? (1)

4.7.2 Wat kon die spreker in hul oë lees? Stel dit in jou eie woorde. (1)

4.7.3 Watter TWEE APARTE woorde in strofe 2 dui daarop dat selfs die besoekers ook nie verwag het dat die spreker ’n Downsindroom-kind sou kry nie. (2)

4.8 Kies die term uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.8.1–4.8.4) neer, byvoorbeeld 4.8.2 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.8.1 | “wat <u>v</u>oer hy in die <u>v</u>lerk?” (reël 9) | A | progressie |
| 4.8.2 | fabrieksfout→frats→karikatuur | B | kontras |
| 4.8.3 | volmaakte replika x karikatuur | C | vrye vers |
| 4.8.4 | ’n gedig met geen vaste rymskema en vorm nie | D | woordspelling |
| | | E | alliterasie |

(4 x 1) (4)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING A: 70**

## AFDELING B: KORTVERHALE

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Beantwoord ALLE vrae oor die kortverhale.

**BELINDA EN DIE BLOU STER – Harry Kalmer**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

> Sy het ’n ster bo-oor Fred se naam laat tatoeëer. Dit was weer seer toe die tatoeëerpen die ink onder haar vel inspuit. Sy moes weer vier-en-twintig uur lank Glad Wrap om haar arm draai en die nuwe *tattoo* elke paar uur was. Dit het weer die hele tyd gejeuk. Maar dit was die moeite werd. Sy was van Fred ontslae.
> Haar pa het gesê hy hou meer van die ster as van die naam en haar ma het nie weer ’n *fit* gekry toe sy dit sien nie. Na die vakansie is sy sonder ’n pleister skool toe. Baie kinders het gesê die *tattoo* is *cool.* Sy het self ook so gedink.
> By die matriekafskeid het sy en Fred agter mekaar in ’n ry by die kostafel gestaan. “Ek *like* jou *tattoo,”* het Fred gesê en na die ster gekyk.
> “Dankie,” het sy geglimlag.
> “Jou rok is ook *fabulous.”*
> *“Dankie.”*
> Dit het gelyk of Fred nog iets wil sê, maar Belinda het weggedraai en ’n stuk Cajun-hoender op haar bord gesit terwyl haar *date* vra of hy vir haar guacamole kan skep.
> Toe sy en haar *date* terugstap tafel toe, het sy gevoel hoe Fred haar agternakyk.

5.1 5.1.1 Waarom het Belinda ’n ster bo-oor Fred se naam laat tatoeëer? (1)

5.1.2 Dink jy die ster sou help om van Fred te vergeet? Motiveer jou antwoord. (1)

5.2 5.2.1 Waarom het Belinda Fred se naam in die eerste plek op haar bo-arm laat tatoeëer? (1)

5.2.2 Waarom was Belinda se intensies met Fred se naam op haar bo-arm onsuksesvol? (1)

5.2.3 Wat kan jongmense uit Belinda se teleurstelling met Fred leer? (1)

5.2.4 Hoe het Belinda se pa haar probeer beter laat voel na haar liefdesteleurstelling met Fred? (1)

5.2.5 Hoe was dit vir Belinda moontlik om Fred op skool te vermy? (1)

Kopiereg voorbehou 

5.3 5.3.1 Wat het Fred so populêr op hoërskool gemaak? Gee DRIE feite. (3)

5.3.2 Hoe het Fred egter onpopulêr by die hoërskool-onderwysers geword? Gee TWEE feite. (2)

5.4 Waarom het Belinda se ma haar verbied om vir Dylan te sien? (1)

5.5 Waarom voel jy was dit verkeerd van die onderwysers om Fred te soebat om nie die atletiek en rugby te los nie? (1)

5.6 Watter negatiewe gevolge het die verhouding tussen Belinda en Fred op die skool se skaakspan gehad? (1)

5.7 Belinda en Fred se vriendskap is belangrik in hierdie kortverhaal.

Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (5.7.1–5.7.3) en die antwoord neer.

| graad 1; almal; bewerasie; niemand; graad 2; hartkloppings |
|---|

Belinda en Fred is al vanaf (5.7.1) ... saam op skool. Na die vakansie kon (5.7.2) ... Fred se naam op haar bo-arm sien (nie). By die matriekafskeid het Belinda besef sy is oor Fred toe sy nie meer (5.7.3) ... kry toe sy hom by die matriekafskeid sien nie. (3)

**[18]**

**EN**

## VRAAG 6: KONING VAN DIE TOWNSHIPS – Rudi Daniels

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS B

Miskien moes hy meer notisie geneem het van Seppie se afskeidswoorde: Solank ek liewe, sal Menee' *safe* loop innie Elsies." Verwyt begin aan hom knaag. Miskien kon hy hierdie toekomstige leier van 'n gewisse misdaadlewe gered het, want gegee sy omstandighede, was hy gedoem tot 'n bendelewe. Maar wie steur hom nou ook aan die bravade van 'n hoërskoolleerling?

Toe die skote in die nag in Elsiesrivier meer frekwent geword het, het hy hom maar min daaraan gesteur, want daar was tog 'n skietstilstand tussen die verskillende bendes deur die vredesforum bewerkstellig. Verskillende bendes speel eerder sokker teen mekaar en drink wyn en rook dagga saam ná die wedstryd, altans, so het hy geredeneer.

Oënskynlik het die inwoners van Elsiesrivier in vrede geleef, alhoewel almal daarvan bewus was dat dit maar 'n brose vrede was en dat die bendes nog steeds hul onwettige bedrywighede voortgesit het. Tog was die inwoners tevrede, want ten minste hoef hulle nie meer saans op die vloer te geslaap het uit vrees vir dwaalkoeëls nie.

Toe die skietery in die nag egter die afmetings van 'n volskaalse oorlog aangeneem het, het hy hom tot sy flatse-leerders in die klas gewend om die ware toedrag van sake uit te vind. Hy is meegedeel dat 'n nuwe bende, die "Young Ones", besig was om oorlog te voer teen al die ander bendes.

6.1 "Miskien moes hy meer notisie geneem het van Seppie se afskeidswoorde:" (reël 1)

6.1.1 Wanneer het Seppie hierdie woorde teenoor meneer Brydon genoem? (1)

6.1.2 Hoekom kon Seppie met soveel sekerheid sê dat hy meneer Brydon se veiligheid sou waarborg? (1)

6.2 " ... want gegee sy omstandighede was hy gedoem tot 'n bendelewe." (reël 4 en 5)

6.2.1 Watter omstandighede by die huis het dit vir Seppie moeilik gemaak om skool te loop? Gee TWEE feite. (2)

6.2.2 Hoe het Seppie vir die huishouding gesorg toe hy nog op skool was? (1)

6.2.3 Voel jy simpatie vir Seppie oor sy keuse om by bendes betrokke te raak? Motiveer jou antwoord. (1)

6.3 Waarom sal jy met meneer Brydon saamstem dat Seppie definitief 'n leier sou wees?. Gee DRIE bewyse waar Seppie leierskap gewys het. (3)

6.4 6.4.1 Hoe het meneer Brydon by die skool gewys dat hy baie vir Seppie omgegee het? Gee TWEE feite. (2)

6.4.2 Watter belangrike rol kan skolesport, volgens meneer Brydon, in jong seuns se lewens speel? (1)

6.5 Hoe het die polisie dit uiteindelik reggekry om Seppie tronk toe te stuur? (1)

6.6 Seppie is die hoofkarakter in hierdie kortverhaal.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (6.6.1–6.6.4) en die letter (A–E) neer, byvoorbeeld 6.6.2 B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.6.1 | Seppie se regte naam | A | Jacob September |
| 6.6.2 | Seppie se bende se naam | B | Ravensmead, Bishop Lavis. Belhar en Elsiesrivier |
| 6.6.3 | Die gebiede waaroor Seppie koning was | C | Young Ones |
| 6.6.4 | Verwysing na 'n Bybelnaam | D | Brother Mo' |
| | | E | Ravensmead, Bishop Lavis en Belhar |

(4 x 1) (4)
**[17]**

**EN**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

### 'N BED VIR JOHNNY – Jeanetta Basson

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS C

Die kartonne, die koleblik, die jas en Oompie se warm lyf maak hom behaaglik vaak. Hy skrik toe iemand hom aan die skouer skud.
Dis Moerat.
“Kô gou saam, man. Ons het ’n jop vi’ djou.”
Oompie meng nie in nie. Hy loer net onderlangs na Johnny.
“Dis koud, man. Wa’ wil jy nou heen? Ek lê al.”
“Kô help my net gou met iets, man. Dis net ’n klein joppie. Net hie’ ommie hoek byrie salon. Dis niks.”
“Ek werkie mahala nie, dis koud.”
“Kóm djy of nie? My draad is op met djou. Ek sal djou betáál, man.” Moerat is ergerlik.
“Wat is jou ding met die kind? Los hom yt, man.” Oompie sit regop. “Ek sien jou hoeka heeldag vandag da’ byrie salon rondhang. Wat soek jy da? Dis mossie jou se biesigeit nie.”
“Sjarrap, djy, moenie djou bek hie’ kô instiekie! Wie praat met djou? Kô, Johnny, ek raak nou *fed-up.* Djy hoefie bang te wiesie …”
Johnny kruip uit die jas. Hy ís bang.
Bang vir Moerat.
“Ek sal gou maak, Oompie,” sê hy.
Daars skud sy kop en trek sy kombers stywer om hom.
Moerat draf met Johnny agterna by die agterplaas uit.
Oompie gooi sy kombers af en begin straat-af stap.
“Ons kan ’n groot kraak slat venaand,” sê Moerat so in die hardloop.
“Moerat, ek ken nie van … ek kán nie …”

7.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Volgens die uittreksel bevind Johnny en oompie Daars-hulle in die agterplaas van ’n (supermark/hardewarewinkel). (1)

7.2 “Dis Moerat.” (reël 3)

Hoekom was Johnny baie skrikkerig vir Moerat? Gee DRIE feite. (3)

7.3 “Ons het ’n jop vi’ djou.” (reël 4)

7.3.1 Waarom kan ’n mens aanvaar dat Johnny normaalweg sommer dadelik die takie vir Moerat sou gedoen het? (1)

7.3.2 Hoe het Johnny andersins bedags geld verdien? (1)

Kopiereg voorbehou 

7.4 7.4.1 In watter innerlike konflik het Johnny homself bevind toe Moerat hom genader het? Beskryf AL TWEE kante. (2)

7.4.2 Wat sou jy anders in hierdie situasie gedoen het indien jy in Johnny se skoene was? (1)

7.5 Noem TWEE emosies wat Moerat in hierdie uittreksel uitbeeld. (2)

7.6 Hoe bewys Johnny in hierdie kortverhaal dat hy ook maar 'n oppertunis/ kansvatter is? Gee TWEE feite. (2)

7.7 Watter tema word deur Moerat se aksies in hierdie kortverhaal uitgebeeld? (1)

7.8 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE neer:

A Moerat stamp Johnny se kop deur die tralies.
B Johnny slaap uiteindelik op sy eie bed.
C Oompie Daars en Johnny berei hulle slaapplek voor.
D Moerat probeer Johnny deur die tralies trek. (4)

**[18]**

**EN**

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

## DIE PARADYSBOSSIE – Marietjie Kotzé

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Maar eers moet dit lente word. En eers moet Oupa verjaar. (Sal sy hom sê dis 'n verneukspul? Of sal sy wag dat 'n bliksemstraal haar tref?)
"As dit maar net nie reën nie!" tob haar ma die Saterdagmôre terwyl sy koeksisters op 'n bord uitpak. " Waar kry ek vir al die mense binnekant plek? En ons het juis die stoep so mooi getooi."
Elfie staan by die kombuisvenster met haar neus teen die ruit gedruk. "Daar reën dit klaar," kondig sy aan en steek haar hand uit om die eerste groot swaar druppels op te vang.
"Maak toe, kind," kreun haar ma. "Die koek val vandag plat!" Sy het meel op haar wang en haar oë lyk rooi, asof sy stilletjies gehuil het.
Op die stoep is Elfie se pa besig om die stoele so goed as moontlik uit die pad van die reën te stoot. Sy kop en skouers is klam gestuif. "Pa gaan lekker siek word van die nattigheid," profeteer Elfie en draai roekeloos eenhand om die stoeppilaar. Die reën val op haar gesig, haar wange is nat, haar kop draai en draai.
"Kom uit die reën!" raas haar pa. "Wil jy vandag jou dood soek?"
Sy sluip deur die huis, verby Oupa se kamerdeur, en loer suutjies in. Nurse kyk op. "Kom sit 'n bietjie by hom," roep sy, "dan gaan help ek jou ma met iets."
"Nee, ek is besig," sê Elfie en vlug. Haar hart skop soos 'n wilde ding. As die bliksemstraal nóú tref!

8.1 8.1.1 Watter seisoen het Elfie aan die begin van die kortverhaal in haar lewe ervaar? (1)

8.1.2 Waaraan word Elfie se lewe gedurende hierdie seisoen gekenmerk? Gee TWEE feite. (2)

8.2 Elfie het uitgesien na die lenteseisoen in haar lewe. Watter dinge glo sy sal dan 'n bewys wees daarvan? Gee DRIE feite. (3)

8.3 Wat het Elfie ontstel toe sy hoor wat die grootmense met Oupa se verjaarsdag beplan? (1)

8.4 Watter sondes, volgens Elfie, pleeg sy by die huis? Gee TWEE feite. (2)

8.5 Waarom voel Elfie ongemaklik by die etenstafel toe sy na die blomme kyk? (1)

8.6 Dink jy Elfie het reg opgetree toe sy die witkopseun ignoreer? Motiveer jou antwoord. (1)

8.7 8.7.1 Waaraan was Oupa elke jaar herinner wanneer die paradysbossie op sy verjaarsdag geblom het? (1)

8.7.2 Wat het Elfie omtrent haar eie lewe besef toe die paradysbossie wonderbaarlik op Oupa se vroegtydige verjaarsdagpartytjie blom? (1)

8.8 Elfie en haar familie speel ’n belangrike rol in hierdie kortverhaal.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (8.8.1–8.8.4) en die letter (A–E) neer, byvoorbeeld 8.8.2 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.8.1 | Hierdie karakter het geen waarde in die paradysbossie gesien nie | A | Oupa |
| 8.8.2 | Hierdie karakter en Elfie het goed oor die weg gekom | B | Elfie |
| 8.8.3 | Hierdie karakter was oorwerk en het ’n vakansie nodig gehad | C | Aletta |
| 8.8.4 | Hierdie karakter het volgens Ma altyd lastige vrae gevra | D | Jasper |
| | | E | Elfie se ouma |

(4 x 1) (4)
**[17]**

**TOTAAL AFDELING B: 70**

## AFDELING C: ROMAN

***DIE KRUPPEL ENGEL* – Zenobia Kock**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

> Die dag toe die skool begin, begroet sy Pa At in haar nuwe skoolklere. Hy's stug en draai weg toe sy hom wil druk. Mevrou Coetzee – waarskynlik deur die prokureur gekontak – neem haar en haar ma skool toe om te gaan inskryf.
>
> Alleen by die skool, nadat haar ma-hulle gery het, sit daar 'n groot klip in Tina se maag. Niks lyk bekend nie.
>
> Die onderwysers vra of sy haar handboeke in Engels wil hê, duidelik verlig as sy nee sê. "Jy moes gevra het vir die Engelse boeke!" sê Andries, wat vir die tweede jaar in graad 10 sit. "Dis makliker om in Engels te leer."
>
> Dis inderdaad maklik in die Engelse vakperiode. Die Afrikaanse kinders kla oor die lys *irregular verbs* en hulle *tenses* wat te veel is om in een week te leer, maar omdat Rising Star Engels as 'n huistaal aanbied, het sy dit al in die laerskool onder die knie.
>
> Aan die ander kant is skool-Afrikaans anders as huis-Afrikaans, kom sy agter. Die onderwysers gebruik groot woorde. Hulle sê Denvar wat nou nog in graad 11 sit en lankal weg is by die plaasskool, is "arrogant". Sy vind uit hulle bedoel "cheeky" daarmee. By Rising Star het die onderwysers ook so van hom gesê.
>
> En die wiskundeklas is 'n nagmerrie. Wat is 'n "vierkantswortel"? Wat is die verskil tussen 'n "vierkant" en 'n "reghoek"?

9.1 In watter woonbuurt het Tina haarself volgens die bogenoemde uittreksel bevind? (1)

9.2 "Hy's stug en draai weg toe sy hom wil druk." (reël 2)

9.2.1 Waarom was dit te wagte dat Pa At so sou reageer toe Tina hom wou druk? Gee DRIE feite. (3)

9.2.2 "... nuwe skoolklere" (reël 1)
Watter ander betekenis het "nuwe skoolklere" in die konteks van die verhaal verkry? (1)

9.2.3 Hoe het Andries se vordering op die dorpskool daartoe bygedra dat Tina meer vasbeslote was om alreeds vanaf graad 8 by die dorpskool in te skryf? (1)

9.2.4 Hoe het die dorpskool die kinders wat nie goed in Afrikaans was nie probeer akkommodeer? Gee TWEE feite. (2)

Kopiereg voorbehou 

9.3 Tina het op haar eie besluit om haar skoolloopbaan die volgende jaar by die dorpskool voort te sit. Dink jy sy het reg opgetree om dit teen haar ouers se wense te doen? Motiveer jou antwoord. (1)

9.4 "Dis inderdaad maklik in die Engelse vakperiode." (reël 10)

9.4.1 Gee EEN bewys uit die uittreksel dat Tina haarself met die standaard van die Afrikaans in die Afrikaanse vakperiode onderskat het. (1)

9.4.2 Hoe het Tina haar probleem met die Afrikaanse Wiskundeterme in die Wiskundeklas oorkom? (1)

9.4.3 Watter karaktertrek van Tina word in (9.4.2) bewys? (1)

9.5 Tina-hulle is sommer hul eerste aand by die koshuis ontgroen.

9.5.1 Waarom was die was van haar eie laken veral vir Tina só erg? (1)

9.5.2 Hoe was die kos by die koshuis vir Tina tog beter as by die huis? Gee TWEE feite. (2)

9.6 Juffrou Dale het 'n groot rol in Tina se lewe gespeel.

Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (9.6.1–9.6.3) en die antwoord neer.

| |
|---|
| spotprent; kortverhaal; kat; gedig; sakgeld verdien; koshuiskamer gekry |

Juffrou Dale het Tina se kunstalent raakgesien toe Tina 'n (9.6.1) ... geteken het. Sy was ook daarvoor verantwoordelik dat Tina haar eie (9.6.2) ... het. Meneer Plaatjies het vir Tina gevra om 'n (9.6.3) ... vir die skoolkoerant te skryf. (3)

**EN**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Tina kom by die skool se snoepietrappe af toe sy weer vir Jakob sien. Sy het nog ŉ pakkie tjips vir vyftig sent gekoop. Die LO-meneer trek te velde teen die kleur- en geurmiddels wat mense glo hiperaktief maak, maar as jy honger en platsak is, is dit waarde vir geld.
Jakob het ŉ pak klere aan wat lyk of dit te groot is vir hom: ŉ helderblou pak met ŉ blou strepieshemp en ŉ plakkaatblou das. Dit het ŉ eienaardige visuele effek, amper asof hy glimmer. Sy donker verminkte gesig is nog net so skokkend soos vantevore, maar ten minste is sy gesig skoon, sonder enige korserige nattigheid. Hy hinkepink uit die hoof se kantoor met ŉ papier in sy hand wat hy met aandag bestudeer, asof hy ŉ lys afmerk.
Hy kyk op toe hy by haar verby sukkel op pad na ŉ vreemde kar op die parkeerterrein. Die kar is die presiese kleur van sy das.
"Ti'a," sê hy,"'ertel 'ir ju'ou Dale 'an jou gedig."
"Wag, vir juffrou Dale van my gedig vertel? Hoekom – " Maar sy weet hoekom. Hoe het Jakob geweet?
Hy klim in sy kar, maak 'n netjiese driepuntdraai en ry met 'n vaart uit die hek uit.

9.7 "Tina kom by die skool se snoepietrappe af toe sy weer vir Jakob sien." (reël 1)

9.7.1 Hoekom sou jy sê dat Jakob nog altyd positiewe dinge aan Tina gesê het wanneer hy aan haar verskyn het? Gee DRIE bewyse. (3)

9.7.2 Noem TWEE geleenthede waarby Jakob se verskyning wel hartseer oor Tina gebring het. (2)

9.8 "Sy donker verminkte gesig is nog net so skokkend soos vantevore, ..." (reël 7 en 8).

9.8.1 Hoekom het Tina gevoel dat sy verantwoordelik was vir hierdie toestand van Jakob? Gee TWEE feite. (2)

9.8.2 Hoe het Jacob se dood byna Tina se lewe verwoes? Gee TWEE feite. (2)

9.8.3 Waarom kan Ant Merlin se bydrae tot Jakob se dood as onverantwoordelik beskou word? (1)

9.8.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer neer.

Tina was uiteindelik van haar skuldgevoel oor Jakob se dood bevry toe ...

A Jakob haar die waarheid vertel het.
B haar ma haar die waarheid vertel het.
C Ant Merlin haar die waarheid vertel het.
D Pa At haar die waarheid vertel het. (1)

9.9 9.9.1 Waarom sou dit vir Tina se skoolloopbaan voordeliger gewees het om by Stefaans te bly? (1)

9.9.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Tina het besluit om by die huis te bly toe sy weer daardie gevoel gekry het dat (sy by haar ma-hulle behoort/haar ma-hulle vrede met haar gemaak het). (1)

9.10 Die verhouding tussen Tina en Stefaans is belangrik in hierdie kortverhaal.

Kies die inligting in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (9.10.1–9.10.4) neer, byvoorbeeld 9.10.2 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.10.1 | Stefaans het deurentyd sy verantwoordelikheid nagekom | A | Stefaans het ophou drink |
| 9.10.2 | Tina het ’n goeie invloed op Stefaans gehad | B | Stefaans het Tina “toevallig” in die dorp raakgeloop |
| 9.10.3 | Stefaans het geleenthede gesoek om dinge vir Tina te doen | C | Stefaans se prokureur het maandeliks geld vir Tina betaal |
| 9.10.4 | Stefaans bewys dat hy Tina as sy dogter aanvaar het | D | Stefaans het Tina by Ant Ketlin gaan oplaai |
| | | E | Stefaans het vir Tina as hulle blommemeisie gekies |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**EN**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Tina aanvaar die kaartjies met gemengde gevoelens. Sy het al reeds uitgewerk dat sy snoepie-tjips en Woensdag-lekkers sal moet opgee as sy dertig rand in haar leeftyd wil afbetaal. Dis nie ’n grap om op vyf rand sakgeld ’n week uit te kom nie. Dis wel waar dat sy nie sakgeld op die plaas gekry het nie, maar daar het hulle ook nie ’n snoepie gehad nie.

Toe sy egter daardie aand skelm op die toilet sit en lees ná ligte-uit, besluit sy: Dit maak nie saak as juffrou Dale so skree nie.

Die volgende Maandag is dit lekker in juffrou Dale se klas. Sy raas nie een keer met iemand nie. Sy deel vir almal ’n vyfrandmuntstuk uit. “Kyk of julle dit op ’n manier kan meer maak. Wettiglik. Jy mag nie bedel nie. Jy moet ’n verslag skryf oor wat jy gedoen het. Dis nie ’n langtermynding nie, so ek wil oor twee weke die verslag en die geld hê.”

“En as ons net die geld so terugbring?” vra Ruan met ’n omkrullip.

“Dan bring jy dit terug ... As jy wins gemaak het, mag jy die wins hou.”

“Ek gaan ’n tjoklit by die snoepie koop vir vyf rand,” kondig hy aan. “Niemand kan my dwing om die geld terug te gee nie.”

’n Hele paar van die seuns begin entoesiaties variasies hiervan aankondig. Van die meisies begin giggel.

Juffrou Dale deel die opdragpapiere uit sonder om haar daaraan te steur en die kinders begin dit lees soos hulle dit kry. Die klas raak weer stil.

10.1 “Tina aanvaar die kaartjies met gemengde gevoelens.” (reël 1)

10.1.1 Na watter kaartjies word hier verwys? (1)

10.1.2 Wat sou die “gemengde gevoelens” (reël 1) wees waarmee Tina hier geworstel het? Noem die gevoelens. (2)

10.1.3 Lindiwe en Loisie het verkies om nie saam met Tina na die biblioteek toe te gaan nie. Hoe verskil Tina van hierdie meisies in hierdie verhaal? (1)

10.2 10.2.1 Hoe het Juffrou Dale vir Tina uit ’n moeilike situasie in die biblioteek gehelp? Gee TWEE feite. (2)

10.2.2 Watter veranderde siening het Tina nou van juffrou Dale gehad? (1)

10.3 10.3.1 Tina het net vyf rand sakgeld per week op die plaas gekry. Wat lei jy af van hulle finansiële situasie? (1)

10.3.2 Hoe het juffrou Dale vir Tina gehelp sodat sy meer sakgeld kon verdien? (1)

10.3.3 Waarom is dit waar dat Stefaans ook grootliks bygedra het dat Tina se finansiële posisie verbeter het? (1)

10.4 Hoe word Tina se passie vir lees uit die uittreksel bewys? Gee TWEE feite. (2)

10.5 Juffrou Dale het elke leerder in die klas ’n vyf rand gegee toe sy hulle ’n entrepreneurstaak gegee het.

10.5.1 Voel jy ook dat ’n vyf rand te min is om ’n besigheid te begin? Motiveer jou antwoord. (1)

10.5.2 Wat was eienaardig oor hoe Tina aan die idee gekom het om tjokbrokke te verkoop? (1)

10.6 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE neer:

A Tina sien vir Jakob as ’n padloper op die N1.
B Jakob kry ’n epileptiese aanval bo-oor die kokende pappot.
C Jakob steek Tina in haar hand met sy knipmes.
D Jakob draf saam met Tina op Engelsplaas se plaaspad. (4)

**EN**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

"Tina?"
"Hoe weet Juffrou?"
"Hy het vir my gesê."
"Hoekom sê hy nie vir my nie?"
Dis juffrou Dale se beurt om haar aan te gaap. "Het jy nie geweet nie?" Haar stem is hoog van ontsteltenis. Sy is spierwit.
"Ek … ek het so gedink … ek het dit geraai … eintlik het ek geweet, maar … niemand het dit vir my gesê nie."
Juffrou Dale klim uit haar motor, kom sit langs Tina waar sy op 'n klip gaan sit het.
Tina bewe so groot soos wat sy is. Sy het geen idee hoekom nie.
"Jou p … Stefans … het gesê jy weet … omdat jy vir hom die geld kom vra het."
"Ek het hom kom vra oor die engel gesê het ek moet."
"Watter engel?"
"Jakob. Die familie se engel."
Juffrou Dale sê niks nie, maar dis duidelik dat sy nie weet hoe om te reageer nie.
"Juffrou moet maar vir … " – sy weet nog steeds nie hoe om Stefaans te noem nie – " … vir hom vra oor die engel."
Sy wonder skielik of hy weet van die engel. Hy het dan nie een nie. Juffrou Dale kyk onseker na haar. "Is jy orraait, jong?"
Tina kyk grond toe. "Ja, Juffrou." Sy begin stap in die rigting van die N1, effens kruppel, maar soos die enkel warm word, stap sy gemakliker.
Naderhand begin sy weer draf.
By die huis sê Tina niks nie.

10.7 "Hoe weet juffrou?" (reël 2)

10.7.1 Wat is dit wat juffrou Dale van Tina geweet het? (1)

10.7.2 Waarom was hierdie spesifieke dag vir Tina se biologiese pa so spesiaal? (1)

10.8 10.8.1 "Hoekom sê hy nie vir my nie?" (reël 4)

Dink jy dis reg dat ouers geheime vir hul kinders wegsteek? Motiveer jou antwoord. (1)

10.8.2 " ... eintlik het ek geweet, ... " (reël 7)

Hoe is hierdie voorgevoel by Tina al lankal aangewakker dat daar 'n verband tussen haar en Stefaans is? Gee TWEE feite. (2)

10.9 10.9.1 Hoe kon 'n mens aan Oumies se optrede teenoor Tina aanvaar dat sy ook geweet het dat Tina haar kleinkind is? Gee DRIE feite. (3)

10.9.2 Waarom is dit onwaar dat Oumies vir Tina toegelaat het om in enige vertrek in haar huis in te gaan? (1)

10.9.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer neer.

Oumies het geweier om die pers kussing vir Tina te gee, want sy wil haar leer om nie ...

A alles te wil weet nie.
B alles te wil hê wat haar oë sien nie.
C te bedel nie.
D die huisreëls te oortree nie. (1)

10.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Die storie wat in die dorp rondgegaan het, was dat (Oumies vir Pa At betaal het om met Ma Lettie te trou/Stefaans nie met Ma Lettie wou trou nie). (1)

10.11 "By die huis sê Tina niks nie."(reël 25)
Waarom het sy besluit om liewer nie oor haar gesprek met juffrou Dale te praat nie? (1)

10.12 Watter tema van hierdie roman kan uit die uittreksel afgelei word? (1)

10.13 Ma Lettie en Tina is belangrike karakters in hierdie roman.

Kies die inligting in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (10.13.1–10.13.4) neer, byvoorbeeld 10.13.2 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 10.13.1 | Ma Lettie het onverantwoor-delik opgetree | A | Ma Lettie het Tina leer naald- werk doen |
| 10.13.2 | Ma Lettie wou hê Tina moes eendag soos sy wees | B | Ma Lettie het Tina leer wasgoed was |
| 10.13.3 | Ma Lettie het soms onregver-dig opgetree | C | Ma Lettie het nog nie die verlede aanvaar nie |
| 10.13.4 | Ma Lettie het gehelp om die skuldgevoel by Tina weg te neem | D | Ma Lettie het op 16-jarige ouderdom swanger geword |
| | | E | Ma Lettie het vir Tina die waarheid oor Jakob se dood vertel |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 70**

## AFDELING D: DRAMA

***DIE LAASTE KARRETJIEGRAF* – Riana Steyn en Athol Fugard**

### VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

KOOT: Ek maak jou vrek ... hoor jy my!

*Koot raak woedend en dreig om hardhandig te raak. Pienkies hou die byl dreigend omhoog. Sy gemoed en voornemens is nou net so gewelddadig soos sy pa s'n.*

PIENKIES: Stadig nou, Pa! Ek weet hoe om hierdie ding in te span. Jy't my mos geleer hoe om 'n ander een van kant te maak ...

*Koot steier meteens terug. Hy is angsbevange deur die situasie waarin hy en Pienkies hulle bevind. Hy draai sy rug op Pienkies en strompel weg na 'n groot klip waarop hy gaan sit. Pienkies, wat ook nou besef waarin hy en sy pa hulle begewe het, kyk na die byl in sy hand en smyt dit eenkant. Hy kyk na sy pa, en wanneer hy sukkelend probeer praat, is dit met 'n heel ander gesindheid.*

PIENKIES: Ek wou dit nie doen nie, Pa. Ek weet hoe jy voel. My hart was stukkend toe ek die donkies moes laat gaan. As dit dan net ek was, Pa ... ek sou dit nooit oor my hart kon kry om hulle te verkoop nie. En ek kon nooit ons kar so verniel nie ...

11.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie gesprek vind in die (hede/verlede) plaas. (1)

11.2 Volgens die uittreksel is Koot baie woedend.

11.2.1 Wat het hom so kwaad gemaak? Gee TWEE feite. (2)

11.2.2 Waarom voel jy Ouma was reg toe sy aan Pienkies voorstel dat hulle waardevolste besittings opgeoffer moet word? Gee DRIE feite. (3)

11.2.3 PIENKIES: "Jy't my mos geleer hoe om 'n ander een van kant te maak." (reël 5 en 6)

Na watter insident het Pienkies hier verwys? (1)

11.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Die skuinsgedrukte gedeelte in die uittreksel word die (hoofteks/neweteks) genoem. (1)

Kopiereg voorbehou

11.4 *"... en wanneer hy weer sukkelend probeer praat, is dit met 'n heel ander gesindheid."* (reël 11 en 12)

Waarom dink jy het Pienkies hier so gou van houding verander? (1)

11.5 Waarom het Koot nie die dood van sy ma goed hanteer nie? Gee DRIE feite. (3)

11.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer neer.

Ouma het nie simpatie met Koot gehad toe hy tronk toe moes gaan nie, want volgens haar ...

A was Koot maar altyd 'n aggressiewe persoon.
B het Koot dit op homself gebring.
C wou Koot nie na haar luister nie.
D sou die gesin beter af sonder Koot wees. (1)

11.7 Noem EEN manier hoe Pienkies geld gemaak het terwyl Koot in die tronk was. (1)

11.8 Waarom kon Koot nie meer skeerwerk doen na sy vrylating uit die tronk nie? (1)

11.9 Sarah het haar hart teenoor Koot uitgepraat.

Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (11.9.1–11.9.3) en die antwoord neer.

| |
|---|
| Flora; dronkbestuur; motorongeluk; oormatige spoed; busongeluk; Katryn |

Volgens Sarah moes Koot vir (11.9.1) ... in sy arms geneem het toe die bloed begin spuit het. Sarah sê dit, want dis wat sy met haar suster gedoen het toe haar suster in 'n (11.9.2) ... was. Die oorsaak van die ongeluk was (11.9.3) .... (3)

**EN**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

SARAH: Ek is ’n vrou, Koot. Ek weet hoe ’n vrou dink, hoe sy voel. Wát sy voel. Sy en haar kinders. Wat bly oor in die lewe vir hulle? Nóg meer geweld? Gróter verwaarlosing? Nét gebroke drome? Het jy al gedink wat met jou vrymeisie, Anna Louw, gaan gebeur as jy dalk weer begin drink? Tamatiestraat is nie ’n plek vir drome nie ...

*Koot kyk vir ’n paar sekondes na Sarah voor hy begin praat. Hy is huiwerig, asof hy onseker oor homself voel en oor wat hy moet sê.*

KOOT: Nonna ... wat ... wat wil die nonna van Koot hê? (*Pouse*) Iets sê vir my dat die nonna op soek is na iets ... asof jy vir Koot iets wil vra ... maar ek weet nie wat daai iets is nie. Koot het dan niks in sy lewe oor nie, nonna. Hy’t dan nie eens ’n pozzie daar in Tamatiestraat nie. Ek weet ek het ’n erge ding aangevang toe ek vir Katryn en Flora doodgemaak het. Maar ek het die Grote God vir Sy genade gevra. Elke nag het ek, as ek so daar binne in aanhouding gesit het, gebid, gevra vir Hom. Ja, Koot het met die Here Jesus self gepraat. Ek het Hom belowe ek sal afleer om te drink ... en ek het Hom gevra vir sy vergifnis.

11.10 11.10.1 Wat dink jy kon met Anna Louw gebeur het as Koot weer gedrink was? (1)

11.10.2 Hoe het Sarah gehelp dat Koot nie met die dood van sy eerste vrou al tronk toe gegaan het nie? Gee TWEE feite. (2)

11.11 KOOT: ”Nonna, ... wat ... wat wil die nonna van Koot hê?” (reël 8)

11.11.1 Waarom het Sarah (BEHALWE vir kuier) die Gedulds hierdie keer besoek? Gee TWEE feite. (2)

11.11.2 Waarom kon Sarah ook haar hart teenoor Koot uitstort? (1)

11.11.3 Wat was die seerkry wat Sarah ook in haar eie lewe deurgemaak het? (1)

11.12 SARAH: “Tamatiestraat is nie ’n plek vir drome nie ...” (reël 5).

11.12.1 Wat het Sarah met hierdie woorde bedoel? (1)

11.12.2 Waarom het Sarah Tamatiestraat nie as “’n plek vir drome” beskou nie? (1)

11.12.3 Hoe was die verskuiwing na die stad tog voordelig vir die kinders se toekoms? (1)

11.12.4 Om watter redes kon:

(a) Koot en (1)

(b) Sarah nie voor 1994 stem nie? (1)

11.13 Dink jy Koot kon 'n beter pa vir sy kinders gewees het? Motiveer jou antwoord. (1)

11.14 Die Gedulds was 'n gekompliseerde familie.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (11.14.1–11.14.4) en die letter (A–E) neer, byvoorbeeld 11.14.2 B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 11.14.1 | Ouma Mieta het die gesin aan die gang gehou | A | Koot se drinkery het tot sy moorddade gelei |
| 11.14.2 | Dit was Koot se grootste vyand | B | Karretjiemense het nie 'n vaste woonplek gehad nie |
| 11.14.3 | Kinders doen dit wat hulle by hul ouers sien | C | Ouma se pensioengeld |
| 11.14.4 | Die kinders kon nie skool bywoon nie | D | Toek-Toek het vir Donker doodgekap |
| | | E | Dit was Apartheid se skuld |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**EN**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

*Pouse. Koot is stomgeslaan.*

KOOT: Waar het julle vir Ouma loop bêre?

PIENKIES: Daar op Twyfelpoort ... Pa sal haar daar op seur Kerneels se grond kry. Sy lê so ’n ent weg van die strooise ...

*Pienkies draai om en gaan terug na die karretjie waar hy besig was.*

SARAH (*spreek die gehoor toe)*: Toe ek Colesberg gedurende 2004 na afloop van my laaste veldbesoek verlaat het, was dit met ’n vae bewustheid dat ek die mense hier waarskynlik nie weer sal opsoek of selfs sal raakloop nie. Maar ek het my misreken met die uitdagende gevolge wat ’n reeks persoonlike ervaringe op my en sommige van my fundamentele oortuiginge sou hê. Uiteindelik het dit my terugkeer na Colesberg tot gevolg gehad ... soek na Koot, wat intussen sy tronkstraf uitgedien het en vrygelaat is.

**Teenwoordige tyd – Sarah en Koot**

*Sarah haal haar hoed af en kniel langs die graf. Koot verskyn. Hy is ’n moeë, oorwonne man wat nietemin probeer om homself te handhaaf. Met ’n verskeurde waardigheid, haal hy sy wolmus af terwyl hy nader staan. Dan gewaar hy en Sarah mekaar.*

12.1 12.1.1 Waaroor was Koot so stomgeslaan? (1)

12.1.2 Waarom was Koot hier meer geskok as Pienkies? Gee DRIE feite. (3)

12.2 *“Pienkies draai om en gaan terug na die karretjie waar hy besig was.” (reël 5)*

Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

12.2.1 Die verhouding tussen pa en seun kan hier as baie (gespanne/ ontspanne) beskryf word. (1)

12.2.2 Gee TWEE redes vir hierdie toestand waarin hulle verhouding was. (2)

12.2.3 Wat sou jy gedoen het om die verhouding te verbeter indien jy in Pienkies se skoene was? (1)

12.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer neer.

Sarah speel hier die rol van ...

A die hoofkarakter.
B ’n aankondiger.
C die verteller.
D ’n newekarakter (1)

12.4 Waarom het Sarah die Gedulds in 2004 besoek? (1)

12.5 12.5.1 Watter sosiale probleme het ’n vernietigende impak op die karretjiemense gehad? Gee TWEE feite. (2)

12.5.2 Hoe het die leefwyse van hierdie karretjiemense ’n negatiewe invloed op die kinders se toekoms gehad? (1)

12.6 Waarom het die karretjiemense nooit huise met permanente strukture soos bakstene gebou nie? (1)

12.7 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Sarah praat haar hart uit teenoor Koot.
B Koot slaan Flora met die kierie dood.
C Koot word vir die eerste keer weens moord aangekla.
D Ouma Mieta sterf. (4)

**EN**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

TOEK-TOEK: Maar dis dan joune, nonna.

SARAH: Ek wil hê jy moet dit vat. Vertel hom watter goeie maat hy vir jou was ... Sê hom iets om hom te troos wanneer jy hom neerlê.

*Toek-Toek kruip onder die karretjie in en begin ’n gat grawe.*

*Oorgang na die teenwoordige tyd.*

**Teenwoordige tyd – Sarah en Koot**

*Sarah stap terug na Koot.*

SARAH: Ná afloop hiervan het dit vir my gevoel die dag word nóg kouer en meer wanhopig as wat ek gedink moontlik was. Die pyn binne my, Koot, was ondraaglik. Rokkies, Outjie en ek het teruggekruip in Ouma se skuiling ... en dis toe dat die storm binne my van nêrens losbars. Ek het my trane probeer terughou, maar kon nie. Dit was Mieta se sagte, vertroostende aanraking, haar hand op my skouer, wat die opgehoopte stortvloed van trane binne my laat vloei het. Ek sal nooit vergeet hoe jou ma se kalm stilte ... Rokkies se gerusstellende klein geluide ... my laat besef en weet het dat ek tussen mense is wat weet wat lyding en smart is ... (*Pouse)* Is dit moontlik dat, ná vyftien jaar, die verlies van ’n geliefde so pynlik is asof dit gister gebeur het?

KOOT: Praat nonna nou van die dood?

SARAH: Ja.

12.8 TOEK-TOEK: “Maar dis dan joune, nonna.” (reël 1)

12.8.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Die kledingstuk wat Sarah hier aan Toek-Toek gegee het, is ’n (jas/langmouhemp). (1)

12.8.2 Wat dink jy kon moontlik die redes wees waarom Sarah hierdie kledingstuk aan Toek-Toek gegee het? Gee TWEE feite. (2)

12.9 SARAH: “ ... dis toe dat die storm binne my van nêrens losbars.” (reël 11)

Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Die storm wat in Sarah losgebars het, was die hartseer oor (haar suster/Donker) se dood. (1)

Kopiereg voorbehou 

12.10 12.10.1 Watter emosie wys ouma Mieta teenoor Sarah in hierdie uittreksel? (1)

12.10.2 Watter les leer ’n mens uit dit wat ouma Mieta hier vir Sarah gedoen het? (1)

12.11 Waarom is dit waar dat ouma Mieta die middelpunt van hierdie familie was? Gee DRIE feite. (3)

12.12 Die Gedulds se lewens is deur smart en dood gekenmerk.

12.12.1 Noem EEN geval toe hulle wel blydskap ervaar het terwyl Koot nog in die tronk was. (1)

12.12.2 Waarom het alkoholmisbruik moontlik so ’n groot deel van die karretjiemense se leefwyse geword? Gee TWEE feite. (2)

12.13 Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Die gebeure in hierdie drama is (chronologies/nie chronologies nie). (1)

12.14 Die jonger karakters speel ook ’n belangrike rol in hierdie drama.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (12.14.1–12.14.4) en die letter (A–E) neer, byvoorbeeld 12.14.2 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 12.14.1 | Hierdie karakter het sy hond doodgekap | A | Sarah |
| 12.14.2 | Hierdie karakter se pop word deur Outjie in stukke geslaan | B | Toek-Toek |
| 12.14.3 | Hierdie karakter moes Koot se plek inneem terwyl Koot in die tronk was | C | Rokkies |
| 12.14.4 | Hierdie karakter was Rokkies se tweelingbroer | D | Pienkies |
| | | E | Outjie |

(4 x 1) (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 70**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2020

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
# NASIENRIGLYN
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ŉ Kandidaat mag nie meer as EEN **genre** beantwoord nie.

2. As ŉ kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ŉ motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.

5. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

6. Indien die kandidaat woorde uit ŉ **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Indien die kandidaat **kru taal** gebruik, word die **kru woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kru woord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

12. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

13. As ŉ spelfout die betekenis van ŉ antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

14. By OF SOORTGELYK beteken dit ŉ sinoniem vir die antwoorde, nie ŉ nuwe gedagte/antwoord nie.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

### "SONVANGER" – Valiant Swart

1.1 1.1.1 "donker" (1)

1.1.2 Haar seun is skielik dood./Sy treur oor haar seun wat skielik dood is.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.2 In die seun se kamer./
In die gange./
In die tuin./
In sy ma/die spreker se hart.
*(Enige DRIE feite of soortgelyk)* (3)

1.3 "... die kamer kon lag"
"... die son kan sing"
"... waar die son kan speel"
*(Enige TWEE)* (2)

1.4 Dit kan die moeilike oomblikke in die ma se lewe wees.
*(Of soortgelyk)* (1)

1.5 die oorlede seun. (1)

1.6 1.6.1 Die son sou vir haar vertroosting/berusting bring.
*(Of soortgelyk)* (1)

1.6.2 Ja, dit gee die ma iets om aan te klou.
*(Of soortgelyk)*

**OF**

Nee, die ma moet liewer aanbeweeg met haar lewe.
*(Of soortgelyk)* (1)

1.7 "sommerso" (1)

1.8 Dit beklemtoon die pleidooie van die ma aan die sonvanger./
Dit is kenmerkend van lirieke.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.9 B/ die vrou se desperaatheid vir vertroosting.
*(Enige EEN)* (1)

1.10 1.10.1 toestand van (1)
1.10.2 verwerk (1)
1.10.3 vir ewig (1)

1.11 die ellips/alleenplasing (1)
**[18]**

**EN**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### "SPRAK OF SPROOK" – Izak de Vries

2.1 intertekstualiteit (1)

2.2 Dit pas by die slengtaal van tieners (wat die grootste gebruikers van sosiale media is)./ Die gedig is in 'n moderne trant geskryf.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.3 MXit/
Skype/
Facebook/
Twitter
*(Enige TWEE feite of soortgelyk)* (2)

2.4 Sy meisie hou baie van MXit.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.5 se alleenwees beklemtoon word. (1)

2.6 Sy tweets is niksseggend/van geen waarde nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.7 2.7.1 Wanneer jy sosiale media gebruik, praat jy eintlik ALLEEN wat dan nie regtig as kommunikasie beskou kan word nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.7.2 Mense moet van aangesig tot aangesig met mekaar gesels.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.8 'n Mens kan jou ware gevoelens maklik wegsteek./Identiteit
*(Of soortgelyk)* (1)

2.9 Die titel dui op kommunikasie, √ maar volgens die inhoud van die gedig praat ons alleen√ wat dan nie as ware kommunikasie √ (sprak geen sprook) beskou kan word nie.
*(Of soortgelyk)* (3)

2.10 2.10.1 C/ellips
2.10.2 A/alliterasie
2.10.3 B/koeplette
2.10.4 D/elisie (4)

**[17]**

**EN**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### "DEMOKRASIE (Pity) "Limited" – Peter Snyders

3.1 Kaaps/Kaapse dialek
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.2 Volgens die spreker is Suid-Afrika se demokrasie jammerlik.
*(Of soortgelyk)* (1)

3.3 Niemand sal by hulle wil koop nie (want niemand gaan hulle vertrou nie).
*(Of soortgelyk)* (1)

3.4 Dit is moontlik:
- 'n sekuriteitsmaatskappy
- die polisie

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.5 Die inwoners:
- bêre hul guns/wapens in die cubby hole of in hul handsakke.
- sluit nie hulle kardeure nie.
- los hulle karre se vensters oop.
- los pakkies op die sitplekke./ selfone in die motor.
- ry op verlate, donker strate.

*(Enige DRIE feite of soortgelyk)* (3)

3.6 Jy moet eers ondersoek instel voordat jy by jou oprit intrek/kyk of iemand rondstaan of jou agtervolg nie.
Jy moet eers kyk of daar nie iemand in jou garage wegkruip nie.
*(Of soortgelyk)* (2)

3.7 Nee, jy word net aangeraai om versigtig te wees.

**OF**

Ja, dit gebeur wel dat hofbeslissings jou aan die kortste end laat trek.
*(Of soortgelyk)* (1)

3.8 Jy kan geskiet word.
Jy moenie die polisie skakel nie, want hulle sal nie help nie/nie genoeg polisie nie.
*(Of soortgelyk)* (2)

3.9 C / die kriminele meer regte as die inwoners het. (1)

3.10 Nee, daar is nog baie gevalle waar die kriminele wel vasgetrek en opgesluit word.

**OF**

Ja, die skelms kom dikwels vry. (1)

3.11 3.11.1 enjambement (1)
3.11.2 alleenplasing (1)
3.11.3 kontras (1)
**[17]**

**EN**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

## "BRIEF INSAKE DOWNSINDROOM" – Sarina Donges

4.1 4.1.1 bitterheid (1)

4.1.2 God het vir haar 'n Downsindroomkind gestuur./God het 'n fout begaan.
*(Of soortgelyk)* (1)

4.2 Dit dien as 'n aanhef vir 'n brief.
Dit verwys na respek vir God.
*(Of soortgelyk)* (2)

4.3 Die posdienste word as onbetroubaar/swak beskryf.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.4 Sy het 'n normale kind verwag.
Sy het nie 'n Downsindroomkind verwag nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.5 4.5.1 Sy het hulle nie meer vertrou nie.
Sy was skepties oor hulle.
Sy dink dat hulle haar nie persoonlik wil gelukwens nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.5.2 "freudiaanse glips" (1)

4.6 4.6.1 Volgens haar het die kind die huis lelik gemaak.
Besoekers staar na die kind.
Haar vriende kom besoek nie die kind nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.6.2 "summier" (1)

4.7 4.7.1 "op papier" (1)

4.7.2 Sy kon sien dat hulle bly was dat hulle kinders normaal was/nie Downsindroom het nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

4.7.3 "staar"
"verward" (2)

4.8 4.8.1 E/alliterasie

4.8.2 A/progressie

4.8.3 B/kontras

4.8.4 C/vrye vers (4)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING A: 70**

## AFDELING B: KORTVERHAAL

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

## BELINDA EN DIE BLOU STER – Harry Kalmer

5.1 5.1.1 Belinda en Fred het nie meer uitgegaan nie.
Belinda wou van Fred vergeet.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.1.2 Ja, sy sou dan nie meer sy naam sien om haar aan hom/hul verhouding te herinner nie.
*(Of soortgelyk)*

**OF**

Nee, die ster sou haar juis aan Fred se naam en Fred herinner het.
*(Of soortgelyk)* (1)

5.2 5.2.1 Dit sou ’n teken/bewys van haar liefde vir Fred wees.
*(Of soortgelyk)* (1)

5.2.2 Fred het hul verhouding beëindig nog voordat sy die tatoeëermerk van sy naam aan hom kon wys.
*(Of soortgelyk)* (1)

5.2.3 Maak eers seker van die ander persoon se intensies voordat jy jou in ’n verhouding begewe.
Moenie ander mense se name op jou laat tatoeëer nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.2.4 Haar pa wou weet of hy Fred se neus moes gaan breek.
Haar pa het gesê dat hy meer van die ster as die naam hou.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.2.5 Hulle het nie dieselfde vakke geneem nie.
Die skool was groot.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.3 5.3.1 Fred was die atletiekkampioen.
Fred was die hoofseun in graad 7.
Fred kon goed skaak speel.
Fred was ’n goeie sportman.
*(Enige DRIE of soortgelyk)* (3)

5.3.2 Fred het die skoolreëls oortree.
Fred het begin rook.
Fred het ophou rugby speel/aan atletiek deelgeneem.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

5.4 Dylan se ma het oor die 'lovebite' aan sy nek gekla./
Belinda se ma was bekommerd oor wat ander mense van Belinda/(se familie) sou dink.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.5 Onderwysers moet probeer om altyd in beheer van situasies te bly.
Leerders moet nie die idee kry dat hulle groter as die sport is nie.
Die leerders moet die begeerte het om te wil speel en nie omdat hulle gesoebat word nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.6 Dylan, een van hul beste spelers, het uit die span bedank omdat Belinda hom vir Fred gelos het.
Mev. Watts, die skaakafrigter, het hulle van selfsugtigheid beskuldig / sou hulle blameer indien die skaak sou verloor het.
*(Of soortgelyk)* (1)

5.7 5.7.1 graad 1 (1)

5.7.2 niemand (1)

5.7.3 hartkloppings (1)
**[18]**

**EN**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

## KONING VAN DIE TOWNSHIPS – Rudi Daniels

6.1 6.1.1 Dit was die dag toe Seppie sy boeke finaal ingehandig het.
*(Of soortgelyk)* (1)

6.1.2 Seppie was die leier van ’n bende/drie bendes.
*(Of soortgelyk)* (1)

6.2 6.2.1 Seppie se pa was werkloos.
Seppie se ma was altyd dronk.
*(Of soortgelyk)* (2)

6.2.2 Seppie was ’n taxi-guard.
*(Of soortgelyk)* (1)

6.2.3 Ja, bendes het altyd geld./Bendes was aan die orde van die dag.
*(Of soortgelyk)*

**OF**

Nee,hy kon by instansies vir hulp aangeklop het.
*(Of soortgelyk)* (1)

6.3 Seppie was kaptein van die rugbyspan.
Seppie het respek in die klas afgedwing.
Seppie was van die meer intelligente leerders.
Seppie waarborg meneer se veiligheid.
Seppie sorg vir sy huishouding.
*(Enige DRIE of soortgelyk)* (3)

6.4 6.4.1 Meneer Brydon het Seppie by vorige geleenthede omgepraat om nie die skool te verlaat nie.
Meneer Brydon het die onderwysers gesoebat om nie Seppie uit rugby te skors nie.
*(Of soortgelyk)* (2)

6.4.2 Skolesport kan daartoe bydrae dat jongseuns in die skool bly/belangstel/kan hul leiereienskappe aanleer.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.5 Die meisie wat deur Seppie verkrag is, was bereid om teen Seppie te getuig (anders as die ander slagoffers wat te bang was om teen hom te getuig).
*(Of soortgelyk)* (1)

6.6 6.6.1 A/Jacob September

6.6.2 C/Young Ones

6.6.3 B/Ravensmead, Bishop Lavis, Belhar en Elsiesrivier

6.6.4 D/Brother Mo’ (4)

**[17]**

**EN**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

## 'N BED VIR JOHNNY – Jeanetta Basson

7.1 supermark (1)

7.2 Moerat was 'n daggahandelaar.
Moerat het 'n vuurwapen gedra.
Moerat was bekend daarvoor dat hy straatkinders uitbuit.
*(Of soortgelyk)* (3)

7.3 7.3.1 Johnny het altyd geld nodig gehad.
*(Of soortgelyk)* (1)

7.3.2 Johnny het karre opgepas.
*(Of soortgelyk)* (1)

7.4 7.4.1 Johnny was banger vir Moerat as om gevang te word.
*(Of soortgelyk) (AL TWEE KANTE MOET GENOEM WORD)* (2)

7.4.2 Ek sou probeer het om die polisie te kontak. / Ek sou nie saam met Moerat gaan nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

7.5 ongeduld
woede
genadeloosheid
*(Enige TWEE feite of soortgelyk)* (2)

7.6 Johnny sê hy werk nie verniet nie.
Johnny het geld uit die blikkie gesteel. (2)

7.7 Die gewetenloosheid/afgestomptheid van misdadigers.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.8 C / Oompie Daars en Johnny berei hulle slaapplek voor.
A / Moerat stamp Johnny se kop deur die tralies.
D / Moerat probeer Johnny deur die tralies trek.
B / Johnny slaap uiteindelik op sy eie bed. (4)
**[18]**

**EN**

**VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**

**DIE PARADYSBOSSIE – Marietjie Kotzé**

8.1 8.1.1 winter (1)

8.1.2 Elfie het geglo dat sy baie sondig/dat sy baie leuens vertel.
Elfie het 'n lae selfbeeld gehad.
*(Of soortgelyk)* (2)

8.2 Elfie se hare sou nie kroes word in die reën nie.
Elfie sou die mooiste bene in die klas hê.
Elfie sou haar musiekstukke oefen en ken.
Elfie sou betyds wees vir ete.
Elfie sou met die baba op haar heup kafee toe loop.
Elfie sou onthou om saans te bid.
*(Enige DRIE feite of soortgelyk)* (3)

8.3 Die grootmense het beplan om Oupa se verjaarsdag voor die tyd te vier.
*(Of soortgelyk)* (1)

8.4 Elfie voel wrokkig teenoor Nurse (oor hoe sy Oupa behandel).
Elfie voel jaloers teenoor die baba wat meer aandag as sy kry.
*(Enige TWEE feite of soortgelyk)* (2)

8.5 Sy voel skuldig/ongemaklik omdat sy die blomme gesteel het/leuens vertel het dat dit van die juffrou was.
*(Of soortgelyk)* (1)

8.6 Ja, sy het gevoel sy is nog nie gereed vir aandag van die teenoorgestelde geslag nie.
*(Of soortgelyk)*

**OF**

Nee, dit is natuurlik vir tienermeisies om seuns se aandag te trek. / Dit kan as onbeskof beskou word.
*(Of soortgelyk)* (1)

8.7 8.7.1 Oupa is aan God se goedheid teenoor hom herinner.
*(Of soortgelyk)* (1)

8.7.2 Elfie het besef dat jy lente enige tyd van jou lewe kan ervaar.
*(Of soortgelyk)* (1)

8.8 8.8.1 E / Elfie se ouma

8.8.2 A / Oupa

8.8.3 C / Aletta

8.8.4 B / Elfie (4)
**[17]**

**TOTAAL AFDELING B: 70**

## AFDELING C: DIE ROMAN

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

## *DIE KRUPPEL ENGEL* – Zenobia Kock

9.1 Marta-se-Kris (1)

9.2 9.2.1 Pa At het nie met Tina se voornemens saamgestem nie./
Pa At het nie met Stefaans se hulp saamgestem nie./
Pa At het aanvanklik nie van Stefaans se hulp geweet nie./
Pa At het gevoel Tina is sy verantwoordelikheid, want hy het Tina soos sy eie kind grootgemaak.
Pa At is ontsteld dat Tina na die dorpskool toe gaan.
*(Enige DRIE feite of soortgelyk)* (3)

9.2.2 Ander skool/nuwe begin
*(Of soortgelyk)* (1)

9.2.3 Andries het graad 10 gedruip.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.2.4 Hulle kon Engelse handboeke kry./
Hulle kon hulle toetse in Engels aflê./
Die onderwysers het die werk in Engels verduidelik wanneer daardie kinders dit versoek het.
*(Enige TWEE feite of soortgelyk)* (2)

9.3 Ja, Tina se ouers was vasgevang in onkunde, tradisie en armoede./
Die aanpassing in graad 10 op die dorpskool sou dan moeiliker wees, want Rising Star het net tot by graad 9 gegaan.
*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee, Rising Star was 'n goeie plaasskool.
Daar was ander kinders wat tot graad 9 aangebly het.
Tina moes eers met haar ouers gesels het voor hierdie besluit.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.4 9.4.1 Tina noem dat die onderwyser groot woorde gebruik.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.4.2 Tina het gedurende pouses die Engelse terme in Lindiwe se Engelse Wiskundeboek nageslaan.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.4.3 Vasberadenheid/deursettingsvermoë/inisiatief.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.5 9.5.1 Tina het glad nie daarvan gehou om wasgoed te was nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.5.2 Die kos by die koshuis was meer.
Daar was suiker en melk by die pap.
*(Of soortgelyk)* (2)

9.6 9.6.1 spotprent (1)

9.6.2 sakgeld verdien het (1)

9.6.3 gedig (1)

9.7 9.7.1 Jakob het haar aangeraai om by Stefaans vir hulp te gaan aanklop.
Jakob het haar met haar swak selfbeeld gehelp met sy opmerking dat sy mooi is.
Jakob het haar aangemoedig om haar gedig eers vir juffrou Dale te wys.
Jakob het haar die idee vir die yskaskoekies/tjokbrokke gegee.
*(Enige DRIE feite of soortgelyk)* (3)

9.7.2 Tina was hartseer toe sy hom by sy eie graf gesien het.
Tina was hartseer toe sy Jakob geteken het.
*(Of soortgelyk)* (2)

9.8 9.8.1 Tina voel sy moes nie toegelaat het dat Jakob die pap roer nie.
Die pot het Jakob se heup gebreek toe Tina hom van die pot weggetrek het.
*(Of soortgelyk)* (2)

9.8.2 Die skuldgevoel by haar het haar skoolwerk benadeel.
Die skuldgevoel het soos 'n swaar las op haar gerus./kon haarself nie vergewe nie.
*(Of soortgelyk)* (2)

9.8.3 Ant Merlin moes nie vir Tina en Jakob alleen by die kokende pappot gelos het nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.8.4 B/Haar ma haar die waarheid vertel het./
B Haar ma haar die waarheid vertel het.
*(Enige EEN)* (1)

9.9 9.9.1 By Stefaans kon sy alles kry wat sy wou hê.
By Stefaans kon juffrou Dale haar met haar skoolwerk help.
By Stefaans kon sy in die pink kamer slaap.
Stefaans was nader aan die skool.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.9.2 Sy by haar ma-hulle behoort.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.10 9.10.1 C Stefaans se prokureur het maandeliks geld vir Tina betaal.
9.10.2 A Stefaans het ophou drink.
9.10.3 B Stefaans het Tina "toevallig" in die dorp raakgeloop.
9.10.4 E Stefaans het vir Tina as hulle blommemeisie gekies. (4)

**EN**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

10.1 10.1.1 Dis die biblioteekkaartjies.
*(Of soortgelyk)* (1)

10.1.2 verleë teenoor dankbaarheid
*(Of soortgelyk)* (2)

10.1.3 Tina is leergierig.
Tina mors nie haar tyd met onbenullighede nie.
Tina hou van lees.
Tina het ’n sterk wilskrag.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

10.2 10.2.1 Juffrou Dale het gesê Tina is ‘n inwoner by die koshuis op die dorp, (want slegs inwoners van die dorp kon by die biblioteek aansluit.)
Juffrou Dale het die R30 vir Tina se biblioteekkaartjies betaal.
*(Of soortgelyk)* (2)

10.2.2 Tina het nou van Juffrou Dale begin hou.
*(Of soortgelyk)* (1)

10.3 10.3.1 Tina-hulle was arm.
*(Of soortgelyk)* (1)

10.3.2 Juffrou Dale het gesê dat die klas die winste op hulle entrepreneurs-taak vir hulself kon hou.
Juffrou Dale het die koshuis se kombuis vir Tina gereël (sodat sy kon voortgaan met die verkope van haar tjokbrokke).
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

10.3.3 Stefaans het Tina se skooluitgawes gedek.
Stefaans het aangebied om Tina se wins te verdubbel.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

10.4 Tina het haar nie van haar plan (om biblioteek toe te gaan) laat afsien nie.
Tina het die verleentheid verduur toe juffrou Dale die R30 vir haar kaartjies betaal het.
Tina was bereid om tjips en Woensdag-lekkers op te offer om die R30 vir die biblioteek te betaal.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

10.5 10.5.1 Ja, dit sal lank neem om ’n noemenswaardige wins te maak.
*(Of soortgelyk)*

**OF**

Nee, ’n mens moet net bereid wees om met klein winste te begin. (1)

10.5.2 Tina het die idee by oorlede Jakob gekry toe sy eendag na ’n televisieprogram kyk waarop Jakob ook verskyn het.
*(Of soortgelyk)*
(1)

10.6 C Jakob steek Tina in haar hand met sy knipmes.
B Jakob kry 'n epileptiese aanval bo-oor die kokende pappot.
A Tina sien vir Jakob as 'n padloper op die N1.
D Jakob draf saam met Tina op Engelsplaas se plaaspad. (4)

10.7 10.7.1 Stefaans was Tina se biologiese pa.
*(Of soortgelyk)* (1)

10.7.2 Dit was Stefaans se verjaarsdag.
*(Of soortgelyk)* (1)

10.8 10.8.1 Ja, ouers weet wanneer hul kinders gereed is om sekere inligting te kan hanteer.
*(Of soortgelyk)*

**OF**

Nee, kinders moet toegelaat word om self te besluit wat hulle met die inligting gaan maak.
*(Of soortgelyk)* (1)

10.8.2 Dis die ongemaklikheid in die huis wanneer Stefaans se naam genoem was.
Dis die manier hoe mense hulle aangestaar het wanneer hulle haar saam met Stefaans gesien het.
Dis haar 'anderse' blanke voorkoms.
*(Enige TWEE feite of soortgelyk)* (2)

10.9 10.9.1 Oumies het vir Tina voorgetrek teenoor die ander kinders.
Oumies en Tina het saam koek gebak
Oumies het haar altyd net voor Kersfees laat roep.
Oumies het vir haar tydskrifte/inkleurboeke/skêrtjies/blokkies/'n regte pop gegee om mee te speel.
Oumies was lief vir Ma Lettie/Tina se ma.
*(Enige DRIE feite of soortgelyk)* (3)

10.9.2 Oumies het nie vir Tina toegelaat om in die pers kamer te gaan nie. (1)

10.9.3 C / te bedel nie (1)

10.10 Oumies vir Pa At betaal om met Ma Lettie te trou. (1)

10.11 Sy het geweet Stefaans se naam veroorsaak spanning.
*(Of soortgelyk)* (1)

10.12 Die soeke na identiteit.
Die soeke na geborgenheid.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

10.13 10.13.1 D / Ma Lettie het op 16-jarige ouderdom swanger geword.
10.13.2 A / Ma Lettie het Tina leer naaldwerk doen.
10.13.3 C / Ma Lettie het nog nie die verlede aanvaar nie.
10.13.4 E / Ma Lettie het vir Tina die waarheid oor Jakob se dood vertel. (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 70**

## AFDELING D: DRAMA

## *DIE LAASTE KARRETJIEGRAF* – Riana Steyn en Athol Fugard

### VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

11.1 verlede (1)

11.2 11.2.1 Pienkies het sy twee donkies verkoop.
Pienkies het hulle karretjie opgekap.
*(Of soortgelyk)* (2)

11.2.2 Dit was Pienkies (in die afwesigheid van sy pa) se verantwoordelikheid om na die familie om te sien.
Ouma het geweet sy gaan nie meer lank leef nie.
Ouma het besef dat ’n nuwe era vir die karretjiemense aangebreek het.
*(Of soortgelyk)* (3)

11.2.3 Dit was toe Koot vir Katryn met die skêr doodgesteek het.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.3 neweteks (1)

11.4 Pienkies het meteens besef hoe lief Koot vir sy donkies/(en karretjie) was.
Pienkies het meteens besef dat hy en sy pa hier verkeerd optree.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

11.5 Koot was nie daar toe sy ma sterwe nie.
Koot wou haar self begrawe het.
Koot het geweet sy ma was hulle steunpilaar.
*(Of soortgelyk)* (3)

11.6 B / het Koot dit op homself gebring.
*(Enige EEN)* (1)

11.7 Hy het skape geskeer./
Hy het draad gespan.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

11.8 Koot kon nie meer ’n skaapskêr vashou nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.9 11.9.1 Katryn (1)

11.9.2 motorongeluk (1)

11.9.3 dronkbestuur (1)

11.10 11.10.1 Koot kon haar ook doodmaak.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.10.2 Sarah het getuig dat Koot die enigste broodwinner was.
Sarah het getuig dat Koot se kinders nog klein was.
*(Of soortgelyk)* (2)

11.11 11.11.1 Sarah wou Koot tot boetedoening roep.
Sarah het ’n klankbord nodig gehad om oor haar eie hartseer te praat. (2)

11.11.2 Sarah het Koot se seerkry en belydenis begryp. /
Koot se belydenis het haar met haar seerkry gehelp.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

11.11.3 Sarah het haar suster in ’n motorongeluk aan die dood afgestaan.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.12 11.12.1 Daar was nie ’n toekoms vir Koot se familie in Tamatiestraat nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.12.2 Dit was ’n plakkerskamp/armoedig.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.12.3 Hulle kon skoolgaan vir ’n beter toekoms.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.12.4 (a) Koot het nie stemreg gehad nie.
*(Of soortgelyk)* (1)
(b) Sarah was te jonk om te stem.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.13 Ja, sonder sy drinkgewoontes kon hy meer vir hulle gedoen het.
*(Of soortgelyk)*

**OF**

Nee, die karretjiemense was vasgevang in hul omstandighede en tradisie.
*(Of soortgelyk)* (1)

11.14 11.14.1 C Ouma se pensioengeld.

11.14.2 A Koot se drinkery het tot sy moorddade gelei.

11.14.3 D Toek-Toek het vir Donker doodgekap.

11.14.4 B Karrietjiemense het nie ’n vaste woonplek gehad nie. (4)

**EN**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

12.1 12.1.1 Hy verneem van sy ma/Ouma se dood.
*(Of soortgelyk)* (1)

12.1.2 Koot was nie daar toe sy ma sterf nie.
Ouma was Koot se steunpilaar.
Pienkies het al in die tussentyd Ouma se dood verwerk.
*(Of soortgelyk)* (3)

12.2 12.2.1 gespanne (1)

12.2.2 Koot was 'n baie aggressiewe persoon (veral as hy dronk was).
Koot het hulle ma doodgesteek.
Hul verhouding was meestal op oorlewing gefokus.
Pienkies moes onder moeilike omstandighede na die gesin omsien.
*(Enige TWEE feite of soortgelyk)* (2)

12.2.3 Ek sou my gevoelens teenoor Koot uitgespreek het oor dinge wat hy verkeerd doen.
Ek sou aan Koot gesê het ek verstaan sy stryd om oorlewing.
Ek sou Koot probeer vergewe vir Ma se dood.
*(Of soortgelyk)* (1)

12.3 C / die verteller (1)

12.4 Sy het navorsing oor die karretjiemense gedoen.
*(Of soortgelyk)* (1)

12.5 12.5.1 Armoede
Alkoholmisbruik
*(Of soortgelyk)* (2)

12.5.2 Die kinders kon nie skool gaan nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

12.6 Hulle moes voortdurend na areas trek waar daar vir hulle werk was. (1)

12.7 C / Koot word vir die eerste keer weens moord aangekla.
B / Koot slaan Flora met die kierie dood.
D / Ouma Mieta sterf.
A / Sarah praat haar hart uit teenoor Koot. (4)

12.8 12.8.1 langmouhemp (1)

12.8.2 Dit kon wees om Toek-Toek te troos.
Dit kon wees omdat dit koud was.
*(Of soortgelyk)* (2)

12.9 haar suster (1)

12.10 12.10.1 Empatie
Troos
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

12.10.2 'n Mens kan ten spyte van jou eie omstandighede nog steeds vir jou medemens omgee.
*(Of soortgelyk)* (1)

12.11 Ouma Mieta was Koot, die leier van die familie, se steunpilaar.
Ouma Mieta se pensioen het menige kere die familie aan die gang gehou.
Ouma Mieta maak belangrike besluite (soos toe sy saam stem met Pienkies
se besluit oor die verkoop van die donkies en die opkap van die een karretjie)
*(Of soortgelyk)* (3)

12.12 12.12.1 Dit was toe daar genoeg kos en drank was nadat die donkies verkoop is.
*(Of soortgelyk)* (1)

12.12.2 Dit was deel van hulle kultuur van geslag tot geslag.
Dit kon ook 'n manier wees om van hulle volgehoue swaarkry te vergeet.
*(Of soortgelyk)* (2)

12.13 nie chronologies nie (1)

12.14 12.14.1 B / Toek-Toek

12.14.2 C /Rokkies

12.14.3 D /Pienkies

12.14.4 E / Outjie (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 70**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou